

Laerskool Pietersburg-Oos



PROSPEKTUS

Agtergrond

GRONDSLAG

Laerskool Pietersburg-Oos staan op die grondslag van die Bybel as die Woord van God en bely dat die Woord rigtinggewend is vir die hele lewe. Die grondslag en karakter van Laerskool Pietersburg-Oos word verskans in sy grondwet, verwerklik deur personeel, oorgedra aan leerlinge, verbeeld in die ampswapen, verwoord in die leuse en vergestalt in die missie.

Ons is ten volle verbind tot die begeleiding en vorming van die totale kind om volle individuele potensiaal optimaal te verwesenlik tot voordeel van hom/haarself en ander vanuit 'n Christelike perspektief en waardestelsel in vennootskap met ouers en selfverwesenliking van ons personeel.

MISSIE

Ons strewe is die begeleiding van die totale kind om sy/haar volle individuele potensiaal optimaal te verwesenlik tot voordeel van hom-/haarself en ander.

VISIE

- Die handhawing, beskerming en bevordering van Christelike waardes, met erkenning en beskerming van vryheid van geloof.
- Afrikaans as amptelike voertaal en onderrigmedia.
- Akademiese standaard, onderrig en buitekurrikulêre aktiwiteite op die hoogste peil.
- Leerlinge aan hierdie skool vormend toe te rus met karaktereienskappe.
- Die nasionale en eie simbole (skoolvlag, skoollied) word as deel van die visie van die skool met die nodige eerbied hanteer soos Opregtheid, Deursettingsvermoë, Respek, Gehoorsaamheid, Selfbeheersing, Mededeelsaamheid, Samewerking, Hulpvaardigheid, Verantwoordelikheid, Lojaliteit, Eerlikheid, Integriteit, Bedagsaamheid, Stiptelikheid, Vertroue, Pligsgetrouheid.
- 'n Oop, eerlike en ondersteunende verhouding tussen alle deelnemers.
- Optimale benutting van almal se talente met gepaardgaande erkenning.
- Handhawing van menswaardigheid en wedersydse respek.
- Persoonlike kontak.
- Konstruktiewe kritiek word verwelkom.
- "Walk the talk" – Doen wat ons sê!

GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL

Stigtingsdatum : 12 Januarie 1972. Geleë aan die Oostekant van Polokwane en was die sesde laerskool in die dorp. Die skool was oorspronklik gebou vir 250 leerlinge en het net 10 klaskamers gehad. Die skool was so beplan dat dit vergroot kon word.

| | | |
|-------------------|---------------------|-----------------------------------------|
| Eerste skoolhoof: | Mnr R du Preez: | 1972-1975 |
| | Mnr R Jacobs: | 1976 (waarnemend) |
| | Mnr L Gravett: | 1977 – Augustus 1982 |
| | Mnr S van der Lith: | Augustus 1982 – Julie 1983 |
| | Mnr H P Plomp: | Augustus 1983 – 1991 |
| | Mnr W A Joubert: | 1992 (waarnemend) |
| | Mnr D P Oelofse: | 1993 – 2007 |
| | Mnr J L Vertongen: | 2008 – Junie 2009 (waarnemend) |
| | Mnr C C Snyman: | Julie 2009 – Oktober 2013 |
| | Me E S Olivier: | November 2013 – Junie 2015 (waarnemend) |
| | Mnr G F Pelzer: | Julie 2015 – |

SKOOLSIMBOLE

SKOOLLIED

*Met hart en siel dra ons die eer
van ons geliefde skool
Vol moed en durf sal ons probeer
Te werk en wen soos dit behoort
'n Toekoms word vir ons ontsluit
deur wagwoord: Glo en Bou
In eenheid van oranje, groen en wit
beloof ons hoogste trou
So staan ons groots in ons gemoed
Die hoof gerig na Bo
En trots sing ons die naam so soet
Oosskool, Oosskool, Oosskool*

SKOOLVLAG/SKOOLWAPEN

Die skoolwapen is ontwerp deur 'n vorige ouer van die skool, me Berta Meyer. Dit bestaan uit 'n oranje skild met 'n vertikale baan in die middel met 'n silwer sleutel daarop. Die leuse, Glo en Bou, verskyn in groen op 'n oranje lint onderaan. Op 'n horisontale balk bo-aan staan die woorde Pietersburg-Oos, ook in groen. Die simboliek word weerspieël in die leuse wat die skepping was van ds JJ Odendaal van die NG Gemeente Pietersburg-Oos.

*Glo in God
In jou volk (gemeenskap, skool)
In jouself.
Bou jou persoonlikheid
Jou volk (gemeenskap, skool)
Die Koninkryk van God.
Wie so Glo en Bou
Ontsluit sy persoonlikheid
En sluit 'n toekoms oop – tydelik en ewiglik.*

Finansies

SKOOLGELD

- Betaalbaar oor 11 maande.
- Maandeliks betaalbaar voor die 7de van die maand.
- Boekefooi / skryfbehoeftepakket

WYSE VAN BETALING

Kontant, bankinbetalings, debietorders, internetbetalings.

Bankbesonderhede is as volg:

Naam: Laerskool Pietersburg-Oos
Bank: ABSA Tjekrekening
Nommer: 1160 490 078
Kode: 632005
Verwysing: Kind se naam en van

Skoolreëls

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Inleiding

Die Beheerliggaam van die skool word verplig deur die, Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, om 'n Gedragskode vir leerders op te stel. Hierdie Gedragskode moet goed geformuleer, deursigtig en maklik verstaanbaar wees vir al die partye betrokke en moet met die samewerking van die leerders opgestel word. Die Gedragskode omsluit al die morele beginsels en waardes wat ondersteun word deur die gemeenskap met die hoofdoel tot volhoubare onderwys. Die Gedragskode bied die nodige riglyne vir die verantwoordelike optrede van beide die leerder en die onderwyser, sodat elke leerder 'n selfstandige burger van die land kan word. Verder omsluit die Gedragskode duidelik die rol van al die rolspelers ten opsigte van die skep van 'n positiewe leeromgewing.

DIE DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Die doel van die stelsel is om:

- ▣ onderwysers leiding te gee in die toepassing van dissipline.
- ▣ onderwysers betrokke te kry om integriteit en waardes vir alle leerders aan te leer.
- ▣ 'n gedissiplineerde omgewing te skep wat elke leerder tot selfdissipline roep.
- ▣ die ongedissiplineerde leerder tot verantwoording te roep.

Hiermee sal ons ook daarna streef om die negatiewe te vermy en die positiewe te beklemtoon.

BEGINSELS EN WAARDES : DIE REGTE VAN LEERDERS

Demokrasie

Die skool moet die reg van elke leerder beskerm aangaande die demokratiese deelname aan al die besluitnemingsprosesse by die skool wat die leerders raak.

Diskriminasie en gelykheid

Geen persoon mag onbillik diskrimineer teen 'n leerder by die skool nie. Alle leerders geniet dieselfde en gelyke voordele en beskerming deur wetgewing.

Privaatheid, respek en waardigheid

Elke leerder geniet ook die reg om sy/haar waardigheid uit te leef en sodoende die nodige respek te ontvang, veral wedersydse respek teenoor ander kulture, gelowe en tradisies. Leerders het ook die reg tot privaatheid, veral waar hul eiendom deursoek en gehanteer word, maar eiendom mag deursoek word deur 'n onderwyser of die hoof waar enige leerder verdink word van onraad.

Vryheid van spraak

Die leerder het die reg om sy of haar vryheid van spraak toe te pas, sodoende dat hy of sy gehoor, verstaan en na geluister word. Leerders mag wel nie die reg misbruik om haatspraak, vloek en ander beledigings te versprei nie, siende dat dit teen die skoolreëls se beginsels is en kan lei tot dissiplinêre optrede.

Skool en leer-omgewing

Leerders is daarop geregtig dat hul leeromgewing skoon en netjies is sodat volhoubare onderrig kan plaasvind. Verder moet daar ook 'n geborgenheidsruim geskep word waar leerders veilig voel en hul besittings veilig gehou kan word. Fasiliteite op die skoolterrein word gereeld gediens sodat dit bydra tot 'n positiewe leeromgewing.

Onderwys

Elke leerder geniet die reg tot vrye en gelyke onderwys waar hy/sy haar potensiaal kan bereik, deur aktiewe deelname aan skoolprojekte, assessering en vorderingsgeleenthede.

DIE ROL VAN DIE LEERDER MET BETREKKING TOT DIE GEDRAGSKODE VIR

LEERDERS

Leerder is aktief betrokke by die opstel en uitvaardiging van klasreëls wat positief bydra tot effektiewe klaskamerbestuur. Leerders is dan ook streng onderhewig aan die reëls wat hul help opstel het en moet die reëls getrou nakom. Daar word van elke leerder verwag om sy/haar skoolwerk tot die beste van sy/haar vermoë aan te pak en om tuiswerkopdragte te voltooi sonder enige onnodige afwesighede.

DIE ROL VAN ONDERWYSER MET BETREKKING TOT DIE GEDRAGSKODE VIR

LEERDERS

Die opvoeder moet sy/haar onderwystaak verrig deur die doelbewuste uitbouing van elke leerder se kennis, taal, kultuur, geskiedenis en tradisies in die vorming van 'n selfstandige burger van ons land. Erken die individualiteit van elke leerling, eerbiedig sy/haar persoonlikheid, skep 'n heilsame opvoedingsmilieu, oefen gesag met liefde uit en weerhou hom/haar van kwetsende optrede. Eerbiedig die reg van elke leerling dat vertroulike inligting aangaande homself te alle tye weerhou sal word, behalwe wanneer dit deur gemagtigde instansies of volgens wet vereis word. Moet soms ingryp in die gang van sake en die kind leer om in vryheid en verantwoordelikheid die goeie te kies, al is dit nie altyd die voordeligste nie. Moet altyd daarna streef om 'n voorbeeld te stel wat die leerders wil volg, opreg, pligsgetrou, konsekwent, edel, lojaal en standvastig in sy/haar rol as onderwyser.

DIE ROL VAN OUERS MET BETREKKING TOT DIE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Die oorhoofse verantwoordelikheid vir die leerder se gedrag berus by die ouer of voog en daar word die volgende dienooreenkomstig verwag:

- Om die skool te ondersteun in alle aspekte in die onderrig en opvoeding van die leerder.
- Om 'n aktiewe rol te speel in die tuiswerkopdragte van die leerder, sodat die nodige moontlikhede daar is vir die leerder.
- Daar word verwag van ouers om oueraande, vergaderings of beplanningsgesprekke by te woon.
- Ouers het die volle reg om wetlik op te tree teenoor enige onderwyser, leerder of persoon wat onwetlik teenoor sy/haar kind optree.

DISSIPLINE

Die handhawing van volgehoue dissipline-maatreëls by die skool is in belang van al die betrokke partye, veral die leerder wat oorhoofs selfdissipline ontwikkel. Die dissipline-proses teenoor leerder moet regverdig wees en meer pro-aktief uitgevoer as reaktief. Daar moet ook korrigerende wees na die strafbare optrede. Dissipline is ook noodsaaklik om die leeromgewing te handhaaf en om leerders te beskerm teen ander leerders. Elke leerder het 'n behoefte aan dissipline. Leerders wil weet wat hul mag doen en nie mag doen nie. Leerders raak onseker as hul nie weet wat van hul verwag word nie. Goeie dissipline laat die leerders veilig en geborge voel. Leerders vertrou ook die onderwysers om hul nie verkeerd te leer nie en verhoed om verkeerd op te tree.

ALGEMENE REËLS:

- Alles wat 'n Oosie doen, word gedoen in belang van Ooskool en die uitbouing en funksionering van die skool as opvoedkundige inrigting.
- Geen mens lewe net vir homself nie. Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor jou skool en medeskoliere.
- Oorsaak en gevolg kan niemand ontkom nie en jou welslae of mislukking het 'n direkte verband met jou inspanning en toewyding.

GEDRAG BINNE DIE SKOOLTERREIN

- Enige leerder wat die Hoof of Adjunkhoof wil spreek, meld eers aan by die sekretaresse.
- Elektroniese speletjies, radio's en selfone is verbode gedurende skooltyd.
- Hoflikheid en goeie maniere geld te alle tye op die skoolterrein.
- Swak taalgebruik is totaal verbode.
- Die terrein mag slegs binnegekom of verlaat word deur een van die hekke. Dit is 'n oortreding om oor die heining te klim.
- Die klim van bome, heinings en pale is streng verbode.
- Daar word van elke leerder verwag om op te staan om personeel en/of besoekers op die skoolterrein of in die klaskamer te groet.
- Voor en na skool, sowel as gedurende pouses word geen leerder in 'n klaslokaal toegelaat sonder die uitdruklike toestemming en toesig van die klasonderwyser nie.
- Respek vir ander se persoonlike besittings sowel as skooleiendom word vereis.
- Geen leerder mag die eiendom van 'n ander leerder (bv. skooltas) sonder uitdruklike toestemming van die eienaar hanteer nie.
- Parkeerplekke vir personeel- en gastevoertuie is verbode terrein.
- Rommelstrooi word ten strengste verbied.
- Doelbewuste skade aan die skoolgeboue, tuin, terrein, brandslange of die elektriese toerusting, word as 'n baie ernstige oortreding beskou. Ouers sal verantwoordelik gehou word vir sodanige skadevergoeding.
- Die saal se verhoog is verbode gebied – wat slegs betree mag word wanneer 'n leerling in opdrag van 'n onderwyser 'n taak moet verrig.
- Geen verversings mag tydens 'n funksie in die saal ingeneem word nie.
- Die sportvelde van ons skool is Saterdag en tydens vakansies tot beskikking van leerders van ons skool, onderworpe aan die volgende voorwaardes:
 - Die terrein mag slegs betree word met toestemming van die Skoolhoof wanneer die hekke oopgesluit is.
 - Geen leerder word toegelaat in die skoolgebou, op die stoepe of trappe nie, behalwe vir die gebruik van die toilette.
 - Die krieketskoolblad en krieketnet is verbode gebied wat slegs met vooraf reëlings en onder toesig gebruik mag word.
 - Geen leerder mag met 'n skaatsplank, rollemskaatse of fietse op die stoepe, netbalbane of tennisbane ry nie.
 - Tennisbane mag gebruik word deur voorafreëlings met die sporthoof en onder toesig.

GEDRAG BUITE DIE SKOOLTERREIN

- 'n Leerder ingeskrewe by hierdie skool, se gedrag moet selfs buite die skool onberispelik wees, met of sonder uniform. Sou 'n leerling hom/haar skuldig maak aan wangedrag in skooldrag, sal daar opgetree word.
- In belang van die oortreder en die goeie naam van die skool, word dit van elke leerder verwag om wangedrag van ander te rapporteer.

GEDRAG IN DIE KLEEDKAMER

- Geen leerder word in personeel kleedkamers toegelaat nie.
- Kleedkamers is nie 'n vergaderplek nie. Geen saamdrommery, etery of gekuier word in kleedkamers toegelaat nie.
- Leerlinge moet hou by kleedkamerindeling.
- Beskadiging van eiendom, bv. krap op vloerteëls, enige merke met enige voorwerp, bolle nat papier teen plafon, breekskade ens. is ontoelaatbaar.
- Seuns word nie in meisies se kleedkamers toegelaat nie en andersom.

DRAG **SKOOLDRAG**

Somerdrag : Meisies

| | |
|---------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Rok | Oranje skoolrok. |
| "Hotpants" | Groen broekie onder skoolrok in klerewinkel. |
| Skoene | Swart skoolskoene - toeryg of gespe. Moet gepoleer kan word. Graad 1-6 dogters mag in die somer kaalvoet skooltoe kom. Graad 7 dogters moet skoene en kouse dra. |
| Kouse | Kort groen skoolsokkies met oranje strepies. |
| "Fleece top" | Groen skool "fleece top" in klerewinkel. |
| Oortrektrui | Groen oortrektrui vir saalopenings in klerewinkel. |
| Sweetpakbaadjie | Sweetpakbaadjie mag gedra word met skoene en kouse. |
| *Eerstespanbaadjie | Eerstespanbaadjie mag gedra word met skoene en kouse. |
| Pawiljoendrag (JNS) | Pikkiepret vir die Juniorskool vind op Donderdae plaas in skoolure. Leerders kom met pawiljoendrag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Groen hemp en kort groen broekie is in die klerewinkel beskikbaar. Kalvoet of tekkies. |
| Sportdrag (SNS) | LV-sport vind Woensdae en Vrydae plaas tydens skoolure. Leerders kom met sportdrag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Groen hemp en kort groen broek is in die klerewinkel beskikbaar. Tekkies is verpligtend. |
| Juwele – horlosie | Slegs polshorlosie mag gedra word. Geen horlosie met stene of versierings mag gedra word nie of enige "smart watches" nie. |
| Ringe | Slegs een seëling. Geen naeltjeringe. Geen toonringe. |
| Oorkrabbertjies | Klein "studs" en ringetjies – silwer of goud. Slegs een oorkrabbertjie in elke oorbel aan die onderkant. |
| Hare | Kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie. Geen haarkleusel of strepe mag aangewend word nie. Indien hare langer as skouerlengte is (aan die ronding van die kraag raak) moet dit netjies vasgebind word. Linte – slegs wit, groen of oranje mag gedra word. Haarrekkies waaraan linte vas is, is beskikbaar by die klerewinkel. Etniese hare moet kort wees, geen gepluiste hare, geen ingesnyde patrone of rasta-vlegsels is toelaatbaar nie. |
| Haarknippe | Gepaste aanvaarbare grootte – wit, groen of oranje. Geen blomme, vlinders of ander versierings. |

Somerdrag : Seuns

| | |
|---------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Broek | Kort kakiebroek. |
| Hemp | Kortmou kakiehemp. |
| "Fleece top" | Groen skool "fleece top" in klerewinkel. |
| Oortrektrui | Groen oortrektrui vir saalopenings. |
| Kouse | Lang groen kouse met oranje strepe in omslag. |
| Skoene | Swart toerygskoene. Moet gepoleer kan word. Graad 1-6 seuns mag in die somer kaalvoet skooltoe kom. Graad 7-leerders kom met skoene en kouse skooltoe. |
| Sweetpakbaadjie | Sweetpakbaadjie mag saam met die kakieklere gedra word met skoene en kouse. |
| *Eerstespanbaadjie | Eerstespanbaadjie mag gedra word met skoene en kouse. |
| Pawiljoendrag (JNS) | Pikkiepret vir die Juniorskool vind op Donderdae plaas in skoolure. Leerders kom met pawiljoendrag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Groen hemp en kort groen broekie is in die klerewinkel beskikbaar. Kalvoet of tekkies. |
| Sportdrag (SNS) | LV-sport vind Woensdae en Vrydae plaas tydens skoolure. Leerders kom met sportdrag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Groen hemp en kort groen broek is in die klerewinkel beskikbaar. Tekkies is verpligtend. |
| Juwele – horlosie | Een polshorlosie mag gedra word. Geen "smart watches" nie. |
| Hare | Kort en netjies. Kort om die ore. Korter as die kraag. Kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie. Geen haarkleusel of strepe nie. Etniese hare moet kort wees, sonder ingesnyde patrone. |

Wintersdrag : Meisies

| | |
|-----------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Rok | Oranje skoolrok. |
| "Hotpants" | Groen broekie onder skoolrok in klerewinkel. |
| Groen Serp | Slegs te kry in klerewinkel. |
| "Fleece top" | Groen skool "fleece top" in klerewinkel. |
| Oortrektrui | Groen oortrektrui vir saalopenings. |
| Sweetpakbaadjie | Kan saam met wintersdrag gedra word. |
| *Eerstespanbaadjie | Eerstespanbaadjie mag gedra word met skoene en kouse. |
| Handskoene | Slegs groen. |
| Skoolbaadjie/"Blazer" | Skoolbaadjie word slegs deur Gr. 7-leerders gedra, indien withemp daarby gedra word, is n das verpligtend. (Das beskikbaar by die klerewinkel) |
| Kouse | Lang groen kouse in skoolklerewinkel. |
| Skoene | Swart skoolskoene : toeryg of gespe. Moet gepoleer kan word. Skoene verpligtend vir Graad 1-7 in die winter. |
| Langbroek | Groen skoollangbroek. |
| Hemp | Wit oopslaanhemp (lang- of kortmou). |
| Pawiljoendrag (JNS) | Gedurende Pikkiepret by die Juniorskool. Volledige skoolsweetpak, groen pawiljoendraghemp, tekkies en kouse (Slegs Donderdae). |
| Sportdrag (SNS) | Gedurende LV-sport by die Seniorskool. Volledige sweetpak, groen hemp en tekkies op Woensdae en Vrydae. |

Winterdrag : Seuns

| | |
|-----------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Broek | Grys langbroek. |
| Hemp | Wit oopslaanhemp (lang-of kortmou). |
| Groen Serp | Slegs te kry in klerewinkel. |
| "Fleece top" | Groen skool "fleece top" in klerewinkel. |
| Oortrektrui | Groen oortrektrui vir saalopenings. |
| Sweetpakbaadjie | Kan saam met wintersdrag gedra word. |
| *Eerstespanbaadjie | Eerstespanbaadjie mag gedra word met skoene en kouse. |
| Handskoene | Slegs groen. |
| Skoolbaadjie/"Blazer" | Skoolbaadjie word slegs deur Gr. 7-leerders gedra, indien withemp daarby gedra word, is n das verpligtend. (Das beskikbaar by klerewinkel) |
| Skoene | Swart toerygskoene wat gepoleer kan word (geen stewels). Verpligtend saam met wintersdrag. Graad 1-7. |
| Kouse | Groen skoolkouse of grys kouse by langbroek. |
| Pawiljoendrag (JNS) | Gedurende Pikkiepret by die Juniorskool. Volledige skoolsweetpak, groen pawiljoendraghemp, roek, tekkies en kouse (Slegs Donderdae). |
| Sportdrag (SNS) | Gedurende LV-sport by die Seniorskool. Volledige skoolsweetpak, groen hemp, tekkies en kouse op Woensdae en Vrydae. |

Algemene bepalinge

- Op hul verjaarsdae mag leerders gewone klere aantrek skool toe, meisies se hare steeds netjies en vas.
- Donderdae dra Graad 1-3 pawiljoendrag vir Pikkiepret.
- Woensdae en Vrydae dra Gr. 4 – 7 sportdrag vir LV-sport.
- Wintersdrag word vanaf Mei-maand gedra. Die datum sal aangekondig word.
- Gewone reënjas/sambreel mag gebruik word.

Baie belangrik:

ˆn Volledige skoolsweetpak met tekkies word by alle sportsoorte gedra of soos deur die afrigter gereël.

Drag van leerders tydens saalopening en funksies:

- Volledige somersdrag met groen oortrektrui. Skoene is nie verpligtend nie.
- Seuns en dogters moet skoene en skoolkouse dra gedurende wintersmaande.
- Hare moet baie netjies wees. Indien dogters lang hare het moet dit vasgemaak word.
- Skoolbaadjies mag gedra word deur:
 - ❑ Leiers (skoolbaadjie met goue koord)
 - ❑ Eerste spanne van alle sportsoorte, redenaars en bybelvasvra
 - ❑ Graad 7-leerders
 - ❑ Das vir Gr. 7-leerders (meisies by wit dashemp indien groen langbroek gedra word)

SPORTDRAG - SKOOLKLEREWINKEL

Netbaldrag

| | |
|------------|-------------------------------|
| Sportrok | Groen en oranje Sportrokkie |
| "Hotpants" | Groen broekie onder netbalrok |
| Kouse | Wit OSIES sokkies |
| Skoene | Tekkies |
| Eerstespan | Eerstespandrag |

Mini-netbaldrag

| | |
|------------|-------------------------------|
| Sportrok | Groen en oranje Sportrokkie |
| "Hotpants" | Groen broekie onder netbalrok |
| Kouse | Wit OSIES sokkies |
| Skoene | Tekkies |

Tennisdrag : Seuns

| | |
|------------|----------------------|
| Broek | Groen Osiedrag broek |
| Hemp | Wit tennishemp |
| Skoene | Tekkies |
| Kouse | Wit OSIES sokkies |
| Eerstespan | Eerstespandrag |

Tennisdrag : Dogters

| | |
|------------|-------------------------------|
| Sportrok | Groen en oranje Sportrokkie |
| "Hotpants" | Groen broekie onder tennisrok |
| Skoene | Tekkies |
| Kouse | Wit OSIES sokkies |
| Eerstespan | Eerstespandrag |

Swemdrag : Meisies

| | |
|-----------|---------------------------------------------------------|
| Swembroek | Groen eenstuk swembroek (nie beskikbaar by klerewinkel) |
| Swempet | Verpligtend. Groen/oranje |

Swemdrag : Seuns

| | |
|-----------|----------------------------------------------|
| Swembroek | Groen speedo (nie beskikbaar by klerewinkel) |
| Swempet | Verpligtend. Groen/oranje |

Rugbydrag

| | |
|------------|------------------|
| Trui | Skool rugbytrui |
| Broek | Groen rugbybroek |
| Eerstespan | Eerstespandrag |

Bulletjierugby

| | |
|-------|---------------------------------|
| Trui | Skool rugbytrui (Bulletjietrui) |
| Broek | Groen rugbybroek |

Krieketdrag

| | |
|--------|------------------------------------|
| Hemp | Wit tennishemp |
| Broek | Wit langbroek |
| Kouse | Wit OSIES sokkies |
| Trui | Groen skool oortrektrui "Pullover" |
| Skoene | Tekkies |

Atletiekdrag : Seuns en Meisies

| | |
|---------|-----------------------|
| Broek | Groen atletiekbroekie |
| Frokkie | Oranje |
| Skoene | Tekkies |

Landloop: Seuns en Meisies

| | |
|---------|-----------------------|
| Broek | Groen atletiekbroekie |
| Frokkie | Oranje |
| Skoene | Tekkies |

Hokkiedrag : Seuns

| | |
|------------|-----------------------|
| Broek | Groen osiedrag broek |
| Hemp | Hokkie hemp |
| Kouse | Lang hokkiekouse |
| Skoene | Tekkies/Hokkie skoene |
| Eerstespan | Eerstspandrag |

| | |
|-----------------------------|-------------------------------------------------------|
| Hokkiedrag : Meisies | |
| Sportrok | Groen en oranje Sportrokkie |
| "Hotpants" | Groen broekie onder rok |
| Kouse | Lang hokkiekouse |
| Skoene | Tekkies/Hokkie skoene |
| Eerstespan | Eerstspandrag. |
| Mini-hokkie: Seuns | |
| Broek | Groen osiedrag broek |
| Hemp | Groen osiedrag hemp |
| Kouse | Lang hokkiekouse |
| Skoene | Tekkies/Hokkie skoene |
| Mini-hokkie: Meisies | |
| Sportrok | Groen en oranje Sportrokkie |
| "Hotpants" | Groen broekie onder rok |
| Kouse | Lang hokkiekouse |
| Skoene | Tekkies/Hokkie skoene |
| Jukskei | |
| Osiedrag | Groen Osiedrag hemp en broek |
| Skoene | Tekkies |
| Kouse | Wit OSIES sokkies |
| Bergfiets | |
| Hemp | Bergfiets hemp |
| Broek | Fietsrybroek (Nie beskikbaar in Klerewinkel) |
| Kouse | Groen Bergfiets Osies kouse |
| Skoene | Fietsry skoene of tekkies |
| Gholf | |
| Hemp | Geborgde hemp/ Groen Osiedrag hemp |
| Broek | Chino tipe kort broek (Nie beskikbaar in Klerewinkel) |
| Kouse | Wit Osies kouse |
| Skoene | Gholf skoene/tekkies |
| Ruiterkuns | |
| Hemp | Ruiterkuns hemp |
| Broek | Perdrybroek |
| Skaak | |
| Osiedrag | Groen Osiedrag hemp en broek |
| Skooldrag | Somer/Winter skooldrag |
| Kouse | Wit Osies kouse/Skoolkouse |
| Skoene | Tekkies/Skoolskoene |

KLASWISSELING:

- Geen leerder mag tydens klastyd buite rondbeweeg sonder toestemming nie.
- Alle leerders woon klasse by volgens die daaglikse skoolrooster.
- Geen etery sal in klasse geduld word nie.
- Aan die einde van 'n periode sal die personeellid die klas opdrag gee om hul boeke weg te pak en te verdaag.
- Met 'n klaskaptein voor en 'n ander agter, beweeg die klas in enkelgelid met die kortste roete na die volgende klas.
- Leerders mag nie oor die grasperk loop tydens klaswisseling nie.
- Leerders hou altyd links en loop agter mekaar tydens klaswisseling.
- Geen speletjies is toelaatbaar tydens klaswisseling nie.
- Klaswisseling moet binne vier minute afgehandel wees.
- Wanneer leerders die klaskamer binnestap, moet hulle stil wees.
- Tydens wisseling beweeg onderwysers na buite op die stoep teen die reëling.
- Tydens pouses en voor skool mag geen leerder sonder toestemming in klaskamers wees nie. Klaskamers word pouses gesluit.
- Geen snoepie aankope mag tydens klastyd of gedurende wisseling plaasvind nie. Onderwyser mag geen leerder in klastyd of gedurende wisseling stuur vir aankope by snoepie nie.

HANDBOEKE EN SKRIFTE:

- Alle handboeke en skrifte in 'n leerling se besit bly die eiendom van die skool. Die netjiese versorging en goeie instandhouding van alle boeke is dus 'n vereiste.
- Alle klere en skooltasse moet gemerk wees.
- Geen gekrap in handboeke sal geduld word nie.
- Alle handboeke moet netjies met deurskynende plastiekmateriaal oorgetrek wees.
- Verlore boeke of beskadigde boeke sal deur die ouer vervang of betaal moet word.

AFWESIGHEDE VAN LEERLINGE

- Skoolafwesigheid is nie die reg van die ouer nie. Alle sake moet vooraf met die Skoolhoof gereël word. Van alle leerders word verwag om alle amptelike skooldae by te woon, insluitende spesiale sport-, kultuur en algemene skoolaktiwiteite wat deur die skool as verpligtend beskou word.
- Kinders wat terugkeer na 'n afwesigheid moet 'n nota vanaf die ouers of geneesheer toon. 'n Verklaringssertifikaat moet gelewer word vanaf 'n dokter in geval van 'n aansteeklike siekte. Vir afwesigheid van drie dae of langer moet 'n mediese sertifikaat ingedien word.
- Toestemming om leerlinge uit die skool te hou, sal slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan word, bv. sterftes in die familie en dringende mediese afsprake.
- Dit sal waardeur word indien ouers die voogonderwyser via die kantoor in kennis sal stel van 'n ernstige siekte of hospitaalopname van 'n kind.
- Wanneer leerders gereeld afwesig is of 'n vaste patroon van afwesigheid toon, moet die voogonderwyser dit rapporteer aan die Departementshoof, Leerderondersteuning vir hantering.
- Agterstallige akademiese werk moet deur die leerlinge en ouers op eie verantwoordelikheid ingehaal word.
- Indien leerders op toetsdae of gedurende die eksamen afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat getoon word voordat leerder die sieketoets kan skryf. Geen eksamen word voor of na aangeduide rooster geskryf nie.

BESERING OF SIEKTE

Indien 'n leerling tydens skoolure BESEER OF SIEK word, sal u as ouer deur die persoon verantwoordelik vir Leerlingaangeleenthede in kennis gestel word. Ouers, familie of gemagtigde persone wat leerlinge kom haal, moet die uittekenregister teken. Siek leerlinge moet tuis bly. Die skool is nie ingerig om siek leerlinge te huisves nie. Ouers mag nie leerders wat siek is skool toe stuur om in aanmerking te kom vir skoolbesoeksertifikate nie.

ALLERGIEë

Indien u kind allergies is vir iets, byvoorbeeld bysteek, gras of enige ander mediese probleme ondervind, moet dit onverwyld onder die aandag van die persoon verantwoordelik vir Leerlingaangeleenthede en die Registeronderwyser gebring word.

MEDISYNE BELEID

Volgens die Departement van Onderwys mag geen medisyne van enige aard by die skool uitgedeel word deur onderwysers of personeel nie. Ouers is self verantwoordelik vir die toediening van medisyne of deur die medisyne in te gee by persoon verantwoordelik vir Leerlingaangeleenthede waar dit in die register aan- en afgeteken sal word.

ORDE REËLINGS

- Afsprake met onderwysers moet persoonlik met die betrokke onderwyser gereël word.
- Die afhaal van leerders voor 13:30 moet slegs in uiterste gevalle oorweeg word.
- Beperk afspraak (dokter/tandarts) tydens skoolure tot die minimum en slegs in noodgevalle.
- Afwesighede moet vooraf per brief gereël word en is onderhewig aan toestemming deur hoof.
- Geen leerder word in klastyd na die kantoor ontbied nie.
- Leerders wat by die skool siek word of seerkry moet by die kantoor aanmeld. Slegs die persoon verantwoordelik vir Leerderaangeleenthede mag die ouers ontbied om 'n kind by die skool te kom haal. Geen leerder mag per selfoon sy ouer ontbied om hom/haar te kom haal nie.

LEERLINGVEILIGHEID

- Toesig is slegs beskikbaar vanaf 06:45.
- Wanneer aandfunksies plaasvind, moet u asseblief sorg dat u, u kind stiptelik ontmoet tydens verdaging. Onder geen omstandighede word leerlinge toegelaat om buite die skoolterrein te wag of om op die sypaadjie te vergader nie.
- Skoolhekke word soggens om 7:25 gesluit. Laatkommers meld dan aan by die Ontvangs.

OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS

Die volgende reëlings geld vir die op- en aflaaï van leerders om die verkeer rondom die skool te reguleer:

- Graad R: Hekkie in Tucanalaan
- Graad 1-2: Motorhek in Kleinenbergstraat (wagboom)
- Graad 3-4: Voetgangerhek in Kleinenbergstraat
- Graad 5-7: Voetgangerhek in Bendorrylaan

Wanneer daar meer as een leerder van 'n betrokke gesin is, word boeties en sussies saam met die oudste leerder opgelaaï. Geen motors word voor die motorhekke of binne die skoolterrein toegelaat nie. Geen leerders of ouers mag as voetganger gebruik maak van motorhekke nie. Die voorportaal by ontvangs word slegs gebruik deur ouers en besoekers. ***Geen leerder betree of verlaat die skoolterrein deur die voorportaal nie.***

BUSVERVOER

- Leerders wat van 'n skoolbus gebruik maak, se gedrag moet te alle tye onberispelik wees.
- Klagtes van busbestuurders sal in 'n ernstige lig beskou word en oortredings sal dienoooreenkomstig hanteer word.
- Busvervoer na sport- of ander byeenkomste moet leerlinge in skooldrag of voorgeskrewe drag geklee wees.
- Gebare aan ander motoriste word verbied.
- Ordelikheid is 'n vereiste en die busse moet skoon agtergelaat word.
- Leerlinge word volgens bepaalde tye verskoon uit klasse vir busvervoer. ***Geen leerders mag onder enige omstandighede voor die bepaalde tyd afgehaal word om te gaan eet of aantrek nie.***

GEBRUIK VAN TELEFOON EN BOODSKAPPE

- Slegs noodboodskappe word aan leerders oorgedra.
- Leerders word nie toegelaat om oproepe vanaf die kantoor te maak nie.

VERLORE GOEDERE

Alle verlore goedere word of by ontvangs of by die klerewinkel ingehandig. Die klere kan soos aangedui op die "school communicator" op sekere tye afgehaal word by die klerewinkel.

- Maandae, Woensdae & Vrydae : Junior- en seniorpouse
- Dinsdae & Donderdae : 07:00 – 07:20

Kurrikulum

AKADEMIES

Die skool se akademiese sillabus word uitkomsgebaseerd aangebied.

Dit beteken dat:

- Alle leerders kan en moet baatvind by skoolgaan.
- Leerders moet teen hulle eie tempo kan vorder.
- Leerders moet aktief betrokke wees by die opbou van hul eie kennis, begrip en vaardighede.
- Meting moet fokus op wat leerders bereik het en nie op hul tekortkominge nie.
- Leeraktiwiteite moet so saamgestel word dat leerders die leerproses as sinvol en verrykend vir persoonlike groei sal ervaar.
- Leerders moet dit wat hulle leer in die werklikheid kan toepas.
- Leerders moet op holistiese, geïntegreerde ontwikkeling fokus.
- Kreatiwiteit, weetgierigheid, onafhanklikheid, innerlike motivering en kritiese denke moet by leerders aangemoedig word.
- Die einddoel is om aan die behoefte van die arbeidsmark en hoër onderwys (tersiêre onderwys) kandidate te voorsien.

Die skool word tans in drie verdeel naamlik:

- Graad R
- Juniorskool (Graad 1-3)
- Seniorskool (Graad 4-7).

JUNIORSKOOLO:

Daar bestaan 3 leerareas naamlik:

- Geletterdheid: Afrikaans, Engels, Skrif
- Gesyferdheid: Wiskunde
- Lewensvaardigheid: Omgewingsleer, Bybelonderrig, Musiek, Kuns, LO, Rekenaarpraktik, Geskiedenis, Aardrykskunde en Tegnologie.

SENIORSKOOL:

Die volgende leerareas word aangebied, naamlik:

- Afrikaans
- Engels
- Wiskunde
- Sosiale Wetenskap
- Natuurwetenskap
- Lewensvaardighede
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Tegnologie
- Kuns en Kultuur

Voltydse personeel is betrokke by die aanbieding van die klasse. Die hoof, gesamentlik met sy bestuurspan en verteenwoordigers uit die personeel, beplan 'n raamwerk van aktiwiteite vir die jaar.

LEERDERONDERSTEUNING:

Leerders met probleme word deur klasonderwyser geïdentifiseer. Die klasonderwyser verwys die leerder na die Ondersteuningsraad. 'n Onderhoud sal met die ouers gevoer word om die skool se bevinding en hulpverlening te bespreek.

SKOOLROOSTER:

JUNIORSKOOL: Gr. 1 – 3

Die skool begin om 07:20 vir alle leerders.

Graad R verdaag om 12:30.

Graad 1 - 2 verdaag om 13:00.

Graad 3 verdaag om 13:30.

Pouse vanaf 09:55 tot 10:20.

SENIORSKOOL: Gr. 4 – 7

Die skool begin om 07:20 en verdaag om 13:30.

Rooster is soos volg:

- Die dag word verdeel in 8 periodes.
- Pouse is ongeveer 10:25.
- Die skool funksioneer op 'n 5 dag rooster.

ASSESSERING (EVALUERING)

Assessering vind plaas soos volg:

| FORMELE | INFORMELE (Interaksie) |
|------------------------|-------------------------------|
| Projekte | Waarneming |
| Mondelinge aanbiedings | Terugvoering |
| Demonstrasies | |
| Optrede | |
| Toetse | |
| Eksamen | |
| Prakties | |

TOETSPERIODE : DINSDAE EN DONDERDAE:

- Algehele stilte word gehandhaaf tydens die toetsperiode vanaf 07:45-08:33.
- Absolute eerlikheid word van leerders verwag.
- Leerders skryf toets in hulle registerklasse.
- Sieketoets kan op die daaropvolgende Woensdag om 13:30 geskryf word indien 'n mediese brief ingedien is of gereël is vir buitengewone omstandighede.

EKSAMENS:

- By Laerskool Pietersburg-Oos word daar twee eksamens per jaar geskryf asook 'n volledige toetsreeks wat elke Donderdag, en elke tweede Dinsdag geskied.
- Die eksamens vind plaas gedurende die tweede kwartaal en die laaste kwartaal vir promosiedoeleindes.
- 'n Eksamen atmosfeer en toegewyde studie is 'n voorvereiste. Leerders skryf in hul registerklasse of anders gereël.
- Onvanpaste optrede sal net soos in die geval van oneerlikheid, ernstig gestraf word.
- Indien 'n leerder tydens die eksamen afwesig was, moet hy by die Adjunkhoof aanmeld (met 'n doktersbrief).
- Geen leerder mag gedurende die eksamen tuis bly nie. Ouers se positiewe samewerking word hier dringend gevra.

TUISWERK:

Tuiswerk word net in hoofvakke gegee (Afrikaans, Engels en Wiskunde). Ander vakke word slegs navorsingswerk gedoen. Dit is baie belangrik dat klaswerk tuis afgehandel moet gedoen word, indien dit nie in die klas voltooi is nie.

Vakolimpiades

Deelname aan: Wiskunde Olimpiade, AMESA asook Tukkie se Wiskunde, Wêreldkennis Olimpiade, Afrikaanse Olimpiade vir Gr.7 (of soos bepaal deur die skoolbestuur).

VERSLAGGEWING AAN OUIERS (ASSESSERING)

- Die akademiese jaar is in vier kwartale (twee semesterdele) verdeel.
- Evaluering geskied soos volg:

Graad 1-7 volgens die 7-punt skaal:

| | | |
|---|---|-------------------------|
| 7 | = | Uitmuntende prestasie |
| 6 | = | Verdienselike prestasie |
| 5 | = | Beduidende prestasie |
| 4 | = | Voldoende prestasie |
| 3 | = | Matige prestasie |
| 2 | = | Basiese prestasie |
| 1 | = | Ontoereikende prestasie |

VERSLAGGEWING

- Vorderingsverslae word aan die einde van die eerste kwartaal uitgereik.
- Die tweede verslag aan die einde van Junie en 'n jaarpunt gedurende Oktober/November.
- Aan die einde van die akademiese jaar word 'n bevorderingsverslag uitgereik.
- Ouers word deurgaans op hoogte gehou van die leerders se vordering, deur onder meer die volgende:
 - Oueraande vind plaas nadat rapporte in kwartaal 1 en 2 uitgedeel is. Rapportte word uitgedeel aan die einde van kwartaal 1, 2 en 4. Begin van vierde kwartaal word derde kwartaal se verslag uitgedeel.
 - Insae in en ondertekening van leerders se skrifte en portefeuljes.
 - Individuele onderhoude.

Buitemuurse aktiwiteite

SPORT

Atletiek

- Tydens die eerste kwartaal.
- Massabyeenkoms – almal neem deel.
- Voëltjiesport in die eerste kwartaal.
- Derde kwartaal word 'n algemene byeenkoms gehou om die Super 12 span te bepaal.
- Vierde kwartaal neem die atletiekspan deel aan die Super 12 kompetisie.

Bulletjierugby

- Bulletjierugby word by Ooskool aangebied ter bekendstelling van rugby. Bulletjierugby word deur die ouers self afgerig waar daar gefokus word op die vaardigheidsontwikkeling van die spelers.
- Bulletjierugby word van 0/6 – 0/8 gespeel.
- Begin Februarie en eindig in Junie.
- Oefentye : 17:00-18:00 op Maandae en Woensdae.

Rugby

- Ooskool skryf A en B-spanne in vir ligawedstryde. Omdat die meeste skole nie B-spanne het nie, speel Ooskool se B-spanne teen P2-skole se A-spanne (vriendskaplik).
- Rugby word aangebied vir die volgende ouderdomsgroepe 0/9 – 0/13
- Toere word ten volle deur ouers betaal.
- Slegs A-spanne van 0/9 – 0/13 neem deel aan die Super 12 kompetisie
- Gedurende die vierde kwartaal begin 0/8's met vaardigheidontwikkeling en oorskakeling na 15 man rugby vir 0/9.
- Gedurende Februarie vind daar 'n 7's-rugbytoernooi tussen die registerklasse (Gr.4-7) plaas.
- Rugby vind plaas in die eerste- en tweede kwartaal.
- Vriendskaplike wedstryde word sover moontlik gereel ter voorbereiding van die seisoen.

Mini-netbal

- Mini-netbal word by Ooskool aangebied aan dogtertjies vanaf 0/6 - 0/8.
- Mini-netbal bevorder vaardighede, balans, konsentrasie en sosialisering.
- Spanne bestaan uit 7 spelers en daar word gepoog om 4 spanne per ouderdomsgroep te akkomodeer
- Mini-netbal is vriendskaplike wedstryde waar die skool aan verskeie Mini-dae deelneem.
- Afrigting word deur personeel van die skool gedoen.
- Oefentye: 13:10-14:00 op Maandae – Donderdae.

Netbal

- Ooskool Skryf A-en B-spanne in vir ligawedstryde.
- Netbal word aangebied vir dogters vanaf 0/9 – 0/13.
- Slegs A-spanne van 0/10 – 0/13 neem deel aan die Super 12 kompetisie.
- Toere word ten volle deur ouers betaal.
- Netbal vind plaas in die eerste- en- tweede kwartaal.
- Vriendskaplike wedstryde word sover moontlik gereel ter voorbereidings van die seisoen.

Krieket

- Ooskool skryf 0/10A, 0/11A 0/13A&B in die liga in soos dit beskikbaar is.
- 0/9 Krieket word wel bevorder deur 'n 0/9 toer in die vierde kwartaal.
- Wedstryde vind plaas op weksdae en ook soms Saterdag.
- Slegs 'n 0/11A- en 0/13A-span neem deel aan die Super 12 kompetisie gedurende Junie/Julie skoolvakansie.

Tennis

- Graad 1-7.
- Elke kind is verantwoordelik vir sy/haar eie afrigting.
- Eerste kwartaal – Tennistoernooi.
- Ouderdomme is nie relevant nie maar wel vaardighede.
- Derde kwartaal is daar 'n Liga op Maandae en Woensdae.
- Dogter- en seunspanne word afsonderlik gekies.
- Slegs A-spanne seuns en dogters neem deel aan die Super 12 kompetisie.

Hokkie

- Ooskool skryf 0/11 A,B&C en 0/13 A,B&C seuns en dogterspanne in die liga in soos bepaal deur Limpopo hokkie.
- Hokkie vind plaas in die derde kwartaal.
- Toere is ten volle deur ouers betaalbaar.
- 1ste span seun- en dogters neem deel aan die Super 12 kompetisie gedurende die derde kwartaal. (Soms word die 2de spanne genooi as uitnodigingspanne vir die Super 12 kompetisie.)

Mini-hokkie

- Mini-hokkie word by Ooskool aangebied vir seuns en dogters van 0/7-0/9
- Mini-hokkie fokus op die vaardigheidsontwikkeling van die spelers.
- Spelers neem deel aan vriendskaplike mini-hokkie dae gedurende die derde kwartaal.

Swem

- Vind plaas in die eerste, derde en vierde kwartaal.
- Inligting beskikbaar by swemorganiseerder van die skool.
- Indien swemmers verkies word tot die skool se swemspan word daar twee keer per week saam geoefen in die skool se swembad. Dié afrigting is gratis.
- Swemmers in die swemspan moet 'n swempet dra wat by die klerewinkel beskikbaar is.
- Die swemspan bestaande uit verskillende ouderdomsgroepe word volgens tye en slae gekies vir die Super 12 kompetisie

Landloop

- 'n Pret-draf word aan die einde van die eerste kwartaal gehou vir die identifisering van landloop atlete.
- Landloop oefening vind op Dinsdae en Donderdae plaas in die tweede en derde kwartaal.
- Alle ouderdomme is welkom by die landloop.
- Daar vind gedurende die tweede en derde kwartaal verskeie liga's plaas.
- 'n Super 12 span word ook saamgestel na aanleiding van die liga tye.

Jukskei

- Jukskei word vir alle ouderdom leerders aangebied.
- Jukskei vind plaas in die derde kwartaal.
- Leerders word by die skool afgerig.

Ruiterkuns

- Deelname tydens kwartaal 1-3;
- Leerders neem aan 3 skoue deel om te kwalifiseer vir die Limpopo span;
- Limpopo span neem deel aan die SA's;
- Leerders oefen op hul eie;
- Ouers is verantwoordelik vir eie vervoer en verblyf.

Bergfiets

- Alle belangstellendes van Gr. 1-7 kan aan bergfietsry deelneem
- Voorseisoen oefening tydens kwartaal 1-2
- Liga tydens kwartaal 3
- Oefening: Maandae en Donderdae te Capricorn fietsrybaan en Sondag in die Wildtuintjie saam met betrokke leerders se ouers.

Gholf

- Vir alle leerders van Graad 1-7.
- Limpopo Interlaer skolekompetisie
- Slegs 'n amptelike liga vir die A-span van 4 spelers
- Oefening: Leerders is self verantwoordelike vir gholf oefening
- Neem deel aan Super12 kompetisie
- Vind plaas tydens kwartaal 4

Skaak

- Vir alle leerders van Graad 1-7.
- Graad 1 en 2 leerders kry professionele hulp.
- Junior- en seniorspanne word gekies wat aan Super 12-kompetisie deelneem.
- Twee (2) spankompetisies.
- Individuele kompetisies om te kwalifiseer om aan Limpopo Provinsie Proewe deel te neem.
- Limpopo Provinsie Proewe om vir SA deelname te kwalifiseer.

Buitemuurse aktiwiteite

KULTUUR

Juniorkoor

- Bestaan uit leerders van Graad 1-3.
- Daar is ongeveer 80 lede, seuns en dogters.
- Leerders ondergaan 'n keuringsproses deur 'n oudisie af te lê.
- Neem jaarliks aan verskeie kompetisies deel, naamlik Bosveldkunstefees, Super 12 ens.
- Drag – volledige koordrag.

Seniorkoor

- Bestaan uit leerders van Graad 4-7.
- Daar is ongeveer 100 lede, seuns en dogters.
- Leerders ondergaan 'n keuringsproses deur 'n oudisie af te lê.
- Neem jaarliks aan verskeie kompetisies deel, naamlik Bosveldkunstefees, Super 12 en Applous.
- Drag – volledige koordrag.

Kunswedstryde, Revues en Konserte

- In Polokwane en in ons buurdorpe is jaarliks kunswedstryde wat geleentheid bied vir leerders om hul talente te beoefen.
- Verskeie items word aangebied en die beoordelaars word met sorg gekies.
- Leerders skryf deur die skool in of onder privaat geaffilieerde afrigters.
- Afrigting word deur ervare onderwysers by die skool onderneem in poësie, gedramatiseerde poësie, drama, bladles sang en kore. Ons presteer jaarliks besonder goed in alle afdelings.
- Revues, konserte en ander produksies word beurtelings by Ooskool op die planke gebring. Ons beskik oor toegewyde en ervare afrigters op ons personeel en waar nodig word kundiges ingehuur.
- Dis belangrik dat die massa in die optredes betrek word sodat die kind ook 'n kans kan kry om op hierdie gebied te ontwikkel.

Redenaars

- Vir alle belangstellende leerders van Graad 1-7.
- Een interne kompetisie vind plaas waar alle leerlinge geleentheid gegun word om deel te neem.
- Daarna word Super 12 en ATKV-spanne gekies.
- Alle leerders kan deelneem aan Radikale Redenaars.

Bybelvasvra

- Neem deel aan Rapportryers en Super 12 kompetisies.

WOW Spelfees

- Leerders van Gr. 1-7 neem deel aan die Nasionale Kompetisie.

Landsdiens

- Alle leerders is welkom vanaf Gr. R-7.
- Leerders kom eenmaal per maand byeen.

Media 24 (Algemene Kennis)

- Leerder word uitgedun waarna 'n span gekies word vir Super 12.

Orators (Engelse Redenaars)

- Leerders van Gr. 4-7 neem deel aan 'n Interne Kompetisie.

Spelling Bee

- Leerders van Gr. 4-7 neem deel aan 'n Interne Kompetisie.

Kunskompetisie

- Leerders van Gr. R-7 neem deel aan 'n Interne Kompetisie.

Radikale lees

- Leerders van Gr. 1-7 neem deel aan kunstefees.

Fasiliteite en dienste

WAGKLAS

- Graad 1 en 2 leerders verdaag om 13:00.
- Graad 3 tot 7 leerders verdaag om 13:30.
- 'n Personeellid hou toesig by die wagboom (hek in Kleinenbergstaat) totdat alle leerders verdaag het om 13:30.
- Geen kind mag die terrein verlaat as hulle ouers nog nie daar is om hulle af te haal nie.
- Toesig is tot 14:00 by die Seniorskool se uitgange.

NASKOOLSENTRUM

Die skool beskik oor 'n naskoolsentrum. Vir enige navrae kontak die naskoolhoof.

SKOOLKLEREWINKEL

TYE:

Maandae tot Donderdae: 07:30 - 14:00

Vrydae: 07:30 - 10:00

Die skoolklerewinkel is deel van die adminblok. Ingang in Bendorrylaan.

Alle skool- en sportdrag is beskikbaar.

Geen rekeninge. Kontant of EFT-betalings is welkom.

Kaartfasiliteit beskikbaar.

REKENAARSENTRUM

- Leerders in die Junior- sowel as Seniorfase gaan een keer per week na die rekenaarsentrum.
- Leerders leer om rekenaars te gebruik.
- Geen klasse in die middag.
- Word ook gebruik deur leerarea aanbiedings en leerderondersteuning asook Leesstrategieë.

KEKKEL EN KLOEK (Snoepie)

- Oop tydens pouses.
- Verkoop voedsame kos sowel as lekkernye.
- Oop tydens sportbyeenkomste en funksies.

BIBLIOTEEK

- Die Biblioteektye om boeke uit te neem is as volg:
Juniorskool – Pouse Maandae tot Vrydae
Seniorskool – 13:30-14:00 Maandae tot Donderdae
- Om 'n uitleenlid te word sluit leerders by die biblioteek aan teen 'n vasgestelde bedrag. Een uitleenkaartjie word aan elke ingeskrewe lid uitgereik.
- Indien boeke verlore raak moet 'n bedrag soos vasgestel betaal word om die boek te vervang.

KOMMUNIKASIE MET OUERS

Osieflits

- Word weekliks op die school communicator geplaas.
- Belangrike kennisgewings sowel as advertensies word daarin geplaas.
- Indien enige advertensie of kennisgewing geplaas wil word, moet dit by die ontvangstonbank geplaas word.
- Saktyd : Maandae voor 08:00.

Kwartaalprogram

Kwartaalprogramme word in die eerste week van elke kwartaal aan oudste of enigste leerder besorg.

Tuiswerkgidse

Tuiswerkgidse word deur die skool voorsien aan Graad 2-4 leerders en moet daaglik in elke leerder se skooltas wees en deur ouers geteken word.

School Communicator (D6)

Alle belangrike inligting, briewe, Osieflits, kwartaalprogram, kennisgewings, kalenderinskrywings, toets- en eksamenafbakenings, ens. verskyn op die *School Communicator*. Inligting word daaglik updateer.

Dit kan op u rekenaar en selfoon afgelaai word. Besoek www.school-communicator.com

Algemene Inligting

ADRES

| | | |
|--------------|-------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------|
| Straatadres: | Laerskool Pietersburg-Oos Kleinenbergstraat 102 POLOKWANE 0699 | Telefoonnommer: 015-2960214/5 Faksnommer: 015-2963642 E-Pos: oosskool@mweb.co.za |
|--------------|-------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------|

| | |
|-----------|-----------------------------------------------------------------------------------------|
| Posadres: | Laerskool Pietersburg-Oos Postnet Suite #20 Privaatsak X9676 POLOKWANE 0700 |
|-----------|-----------------------------------------------------------------------------------------|

TOELATINGSVEREISTES, INSKRYWINGS EN REGISTRASIE VAN NUWE LEERDERS

Wanneer leerders ingeskryf word, moet die volgende dokumente die aansoek vergesel:

- Geboortesertifikaat of identiteitsdokument van die kind;
- Oorplatingskaart van vorige skool;
- Laaste vorderingsverslag / rapport;
- Bewys van woonadres waar leerder woon; (munisipale- of Eskomrekening)
- Afskrifte van beide ouers se ID-dokumente;
- 2 x ID-foto's van leerder.
- Afskrif van mediese fondskaart

Kriteria vir toelating tot Graad 1:

- Die jaar waarin 'n kleuter 7 word, is hy/sy skoolpligtig.
- Voorkeur sal verleen word aan aansoekers wat aan een van die volgende kriteria voldoen:
 - *Aansoekvorm is volledig voltooi en alle dokumentasie is aangeheg;*
 - *Afrikaans as huistaal en onderrigtaal;*
 - *Naaste skool aan u huis;*
 - *Naaste skool aan u werk;*
 - *Ouer kinders in die skool;*
 - *Skool van u keuse.*
- Die leerder en sy/haar ouers of voog Afrikaans as onderrigmedium van die skool aanvaar;
- Die leerder moet inpas by die natuurlike chronologiese ouderdom van die graadgroep;
- Ouers/voogde/leerders onderneem om skoolreëls te aanvaar en hulle daaraan te onderwerp;
- Ouers/voogde onderneem om die vasgestelde skoolgeld te betaal of om op die voorgeskrewe wyse aansoek te doen vir 'n beurs;
- Die Beheerliggaam behou die reg voor om toelating te weier indien die betrokke graadgroep se klasse reeds ten volle benut word;

VERLATING VAN SKOOL

- Een kalendermaand vooraf skriftelike kennis om die leerder uit die skool te verwyder en hierdie verpligting sal geld ongeag die rede vir die verwydering van die leerder
- Die ouer sal aanspreeklik wees vir die betaling van alle uitstaande skoolgeld tot die einde van die maand waarin die leerder uit die skool verwyder word.
- Uitstaande skoolgeld moet vereffen wees voordat 'n oorplatingskaart oorhandig word.
- Maak seker dat u kind se oorplatingskaart die laaste skooldag afgehaal word.
- Alle handboeke en biblioteekboeke moet terugbesorg word. Waar leerders versuim sal 'n rekening vir onmiddellike vereffening gelewer word.

ONTWIKKELINGSFASES IN DIE GRONDSLAFASE

Ons ontwikkel van voor ons geboorte tot met die dood. Omdat ouers hulle kinders moet lei tot selfstandigheid en verantwoordelikheid is dit nodig dat elke ouer moet weet wat om van sy kind op 'n spesifieke ouderdom te verwag. Ontwikkeling word in ses fases gedeel. Die kind in die Grondslagfase val in die tweede fase van ontwikkeling, naamlik 7 tot 12 jaar.

Kind van 7 jaar:

- Besonder energiek. Aktiwiteite varieer van baie aktief tot onaktief.
- Spierkoördinasie ontwikkel verder. Kan al gemaklik skryf en potlood vashou.
- Kan nog nie lang tye konsentreer nie, is steeds luidrugtig en groei stadiger.
- Hulp nodig om selfvertroue te bou. Baie sensitief vir goedkeuring of afkeur.
- Hou van kompeterende speletjies en wil altyd wen. (Swak verloorder).
- Kan self besluite neem oor wat om te doen en waarheen om te gaan.
- Meer ingestel op geslag. Hantering van geslagsorgane kom voor.
- Denke is veral gebasseer op ervaring.

Kind van 8 jaar:

- Spierkoördinasie en balans verbeter tot so 'n mate dat ingewikkelde aksies moontlik is, byvoorbeeld skaats, fietsry, dans.
- Aandagspan neem toe, konsentrasie verbeter en groei heelwat.
- Seuns wil nou dapper wees en "bendes" bestaan uit net een geslag.
- Begin vrae en antwoorde bevraagteken, veral op geestelike gebied.
- Begin verstaan wat behels liefde en vergifnis.
- Raak nou skaam oor geslagsake en seuns nou ingestel op vuil grappe en vloekwoorde.
- Nou is pa se voorbeeld baie belangrik.

Kind van 9 jaar:

- Seuns groei nie meer so vinnig nie.
- By dogters is daar 'n skielike toename van groei.
- Spierkoördinasie is uitstekend.
- Bendes en groepwerk baie gewild binne dieselfde geslag.
- Helde is nou baie belangrik en word ernstig bewonder.
- Seksuele ontwikkeling is nie noodwendig opvallend nie, maar by sommige dogters kan daar 'n beduidenis van borste ontstaan.

WENKE VIR OUERS VAN SKOOLBEGINNERTJIES

Die vorige jaar

- Maak 'n afspraak en besoek die skoolhoof voor die skooljaar begin.
- Voltooi die toelatingsvorm en stel vas wat die skoolgelde is en watter skryfbehoeftes aangekoop moet word.
- Woon die opedag en kuierdag by.

Die Eerste Skooldag

- Besorg u kind betyds en rustig by die skool. Reël by u werk om 'n tydjie vry te hê.
- Meld saam met u kind aan by die klas wat gereedgemaak is en haal sy naamkaartjie af en speld dit vir hom vas.
- Vergesel u kind na die klaskamer. Die onderwyseres gee gewoonlik nie om wanneer ma 'n rukkie talm nie. Loop sodra hy/sy tevrede is.
- Bêre jou trane tot by die motor. 'n Mens kan nie verwag dat u kind droë oë moet hê wanneer u self tranerig is nie. Die skool is nie so erg soos dit lyk nie. Daar word met liefde en sorg voorbereidings getref vir die ontvangs van u kind.

KOSPAKKIE

- 'n Goed gebalanseerde ontbyt is noodsaaklik maar kinders wil nie altyd so vroeg in die oggend 'n groot ontbyt eet nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die kind 'n kospakkie moet skool toe neem. 'n Kind van 6 tot 8 jaar kan nie die hele oggend op 'n leë maag aktief besig wees en konsentreer nie.
- Sorg vir proteïene. Wanneer 'n kind val en die nerwe waai, is dit proteïene wat genesing help bewerkstellig. Verwerkte vleis, fyn gekapte hardgekookte eier of kaas op broodjies, is 'n oplossing. Onthou : Hawermout bevat ook proteïene!
- Sonder genoeg koolhidrate en vitamïene kan jou kind nie saam met ander speel nie, want hy sal nie genoeg energie hê nie!
- Graanprodukte, vars vrugte, natuurlike vrugtesappe en botter kan help om die kind gesond te hou. Vermy 'n kospakkie wat bestaan uit sjokolade, lekkers en koekies. Sonder een dag van die week af en bederf hom dan met 'n ekstra lekkertjie of koekie, of gee 'n geldjie om iets by Kekkel en Kloek te koop.

PERSOONLIKE HIGIËNE

- Voorsien jou kind daaglik van 'n skoon sakdoek of sneesdoekies.
- Knip jou kind se naels gereeld en sorg dat dit skoon is.
- Kyk of jou kind se gesig elke oggend skoon is en of sy hare skoon en netjies gekam is. Moenie 'n geleentheid skep waar die kind se selfbeeld 'n knou kan kry nie.
- Sorg dat jou kind die toilet selfstandig kan gebruik en sy knope of ritssluiters self kan vasmaak.